

**We are grateful to Bishop E. Risi OMI of Keimoes-Uppington for providing thi translation.**

***Adsumus Sancte Spiritus***

Ons staan voor U, o Heilige Gees en ons vergader in u naam.

U alleen is ons gids, maak U tuis in ons harte;

wys ons die weg en hoe om daarin te volhard.

Ons is swak en sondige mense; laat ons nie verwarring veroorsaak nie.

Laat nie toe dat onkundigheid ons op die verkeerde weg lei of die verdeeldheid ons aksies beïnvloed nie.

Mag ons in U eenheid vind, sodat ons almal saam die reis na die ewige lewe bekom en nie van die

regverdigheid en waarheid afdwaal nie.

Dit alles smeeek ons by U af, wat oral om teenwoordig is, in die gemeenskap van die Vader en die Seun, tot in ewigheid. Amen

**SMEEKGEBEDE**

Terwyl ons afwagtend is op die wederkoms van onse Here Jesus Christus, laat ons met hernude toewyding sy barmhartigheid afsmeek, dat, soos Hy in die wêreld gekom het om die Goeie Nuus aan die armes te verkondig, in hierdie tyd sy verlossing aan al die behoeftiges mag bring.

1. Vir God se heilige Kerk:

Dat die heilige Kerk van God wees vir alle nasies 'n lig mag wees, die universele sakrament van verlossing wat met almal saam stap na die Koninkryk van God. Here verhoor ons.

2. Vir ons Pous Franciskus, ons Biskop Stephen en sy hulp-biskop Sylvester, en die heilige Volk van God van die aartsbisdom van Kaapstad:

Dat ons deelname aan die Sinode ons mag help om 'n dieper insig tot God se wil te verkry en heldhaftig uit te leef. Here verhoor ons.

3. Vir die regering:

Dat hulle ten alle tye goeie besluite ten gunste van almal mag maak, met regverdigheid en integriteit. Here verhoor ons.

4. Vir die siekes, eensames, lydendes en onderdrukte:

Dat hulle nie in die samelewing uitgesluit word nie, maar beskerm en versorg word as die gesig van Christus in die lydende wêreld. Here verhoor ons.

5. Vir ons, hier vergader:

Dat die sinodale reis ons mag lei tot 'n verdieping in ons bydrae tot die Kerk, en ons met die nodige toerus op ons sending reis. Here verhoor ons.

O God, ons sterkte en ons toevlug, U is die bron van alle toewyding, verhoor die gebed van u Kerk, en skenk ons dit wat ons in geloof by u vra, dat ons in werklikheid dit mag ontvang. Deur Christus onse Here. Amen